

**3 Augustus**

**Skrifgedeelte: Jakobus 2:1–13**

**Fokusgedeelte: Jakobus 2:8-11**

### **Hof toe omdat jy aanhoudend diskrimineer**

Ons is baie sensitief as iemand ons daarvan beskuldig dat ons diskrimineer. Dit het eintlik 'n vloekwoord in ons samelewing geword. Maar diskrimineer ons as gelowiges nie alte dikwels nie?

Diskriminasie strek verder as net oor kleurgrense heen. Jakobus beskuldig die gemeentelede daarvan dat hulle teen die armes in hulle midde diskrimineer. Die uiterlike voorkoms gee vir hulle die deurslag hoe hulle teenoor so iemand optree.

Ons ontmoet ook mense waarvan ons nie dadelik hou nie. Die persoon lyk nors, is in my oë te vet of maer, of is nie van dieselfde sosiale stand as ek nie. Daarom hou ek net nie van hom/haar nie. Maar hierdie dinge gebeur ook as iemand tydens die erediens inkom en dit uit ons houding uitstraal dat hy of sy nie eintlik welkom is nie, of as ek net besluit dat ek nie van die kind in my katkisasieklas hou omdat hy of sy anders lyk nie.

Ek neem dan nie al die feite in ag nie, gee die persoon nie 'n regverdige kans om te bewys wie hy of sy werklik is nie. Ek tree hooghartig, liefdeloos en onbarmhartig op. Ek maak eintlik my hart toe vir daardie lidmaat.

As ons dít doen, oortree ons die wet van God – nie net een gebod nie, maar die hele wet! Ons word in vers 9 gewaarsku dat, as ons só optree, die wet ons voor die hof, voor God, gaan sleep. Die wet word as 'n verontregte persoon voorgestel wat die klag teen ons lê en al die bewysstukke voorlê. Daar gaan nie loskomkans wees nie! Die skuldigbevinding en vonnis sal onbarmhartig wees as ons ons nie van diskriminasie bekeer nie.

Bekeer jou deur te werk aan jou verkeerde gesindhede wat veroorsaak dat jy teenoor ander diskrimineer. Sorg dat jy soveel feite as moontlik in ag neem voordat jy 'n opinie van ander vorm en onthou dat jy altyd in liefde teenoor ander moet optree. So doen God ook teenoor jou.

*Sing: Psalm 40:4*

*Ds HG Schutte (Krugersdorp-Oos)*